Produknuus

DIÉ DOEPAS WERK IN VAALDAM

deur Etienne Kriel

Vaaldam is een van daardie damme waarvan jy hou of wat jy verpes. Weens sy reuse-omtrek, meer as 1 000 kilometers al op die oewers langs gemeet, is dit ook van die min damme wat nog baie plek vir oewerhengelaars het. En onder meeste oewerhengelaars bly dit maar ’n gewilde visvangdam.

Ons Halfmaan-papgooiers het besluit om trofeekarphengel effens eenkant te skuif en Vaaldam ’n slag te gaan beproef. Die plan was ook om te kyk hoe Carp World se doepas daar werk. Ons het verskeie kere op verskillende plekke suksesvol met Carp World se produkte visgevang maar nog nie in Vaaldam nie.

Sarel Boshoff van Ultimate Angling in East Lynne het plek bespreek op Kees van der Walt se plaas langs Vaaldam, so ’n ent verby Deneysville as mens van die damwal se kant kom. Die damvlak het ’n entjie gesak en die oewer was skoon en plat met nie ’n boompie of skadukol in sig nie. Die gedeelte oop oewer waar die water teruggetrek het was nog taamlik modderig en mens moes jou stap ken. Die dam se gemiddelde diepte is ook maar taamlik vlak sodat mens ’n hele entjie kon instap om darem ’n redelike afstand met die ingooi te kry.

Bernie van Nieuwenhuizen en Eugene Wernick van Carp World, Sarel Boshoff, klein Sarel, Piet Roodt, ek, Pottie en Paul Roux het almal redelik gou, ná ons vroegoggend daar aangeland het, die lyne ingehad en toe rustig geraak om ’n ietsie vir oggendete in die maag te kry. Die dam se karpe het ons egter nie baie kans gegee vir eet nie en baie gou aan die byt gegaan.

Bernie het haar produkte op ’n tafel uitgestal en ons kon enige kombinasie, wat ons dink sou werk, kies. Paul het byvoorbeeld Musk Maestro-floaties met ’n soetdegie en musk op die mieliebol gebruik en in ’n stadium ’n moggel aan die een hoek en karp aan die ander hoek gelyktydig ingebring.

Vir bodemvoer of mieliebom het ons meestal Carp World Popcorn gebruik. Die meeste van die doepas het goed gewerk maar sekere daarvan het deurgaans die vis gelok. Molasses Mix-boldip en Musk Maestro-boldip was twee daarvan.

Sarel het byvoorbeeld die volgende kombinasies gebruik: Op die bol het hy Molasses Mix, Duiwelsdrek Baitspray, Strawberry Baitspray en Triple CX-boldip gebruik. Hy het dit afgewissel met Banana X-as-, Triple CX- en Molasses-boldips asook Fire Fox Baitspray. Sarel het deurgaans kompetisie-floaties en semolinadeeg op die hoeke gebruik. Piet het floaties en amandel of semolinadeeg op sy hoeke gebruik terwyl Bernie weer Vampire Spongy-floatie en Super Sweet-semolinadeeg of Strawberry Spongy-floatie gekies het.

Op al die ase is sukses behaal en uiteindelik is daar net meer as 70 visse tussen 06:30 en 13:00 uitgehaal. Daarvan was die meeste karp, nie juis baie groot nie, maar ’n bewys dat Carp World se doepas beslis vir Vaaldam se karp werk!

Ons het die lyne maar vroeg uitgetrek sodat ons kon oppak en betyds verby Oos-Rand en Johannesburg se verkeer en alomteenwoordige padwerke kon kom.

23—geen o/s nodig
34. Links na regs: Paul Roux, Bernie van Nieuwenhuizen, Eugene Wernick, Piet Roodt, Sarel Boshoff en klein Sarel. Let asseblief dat alles klein visse is en dat hulle huis toe geneem is vir werknemers vir kostafel.
6. Bernie by haar viskas
16 en 10. Van Carp World se produkte wat baie goed gewerk het